Publication: Rapport (Rondrits)
Pub date: 6/7/2015 1
Page: 3
AVE: 77684.65
Circulation: 163313
Part: 1 of 1

Nuwe wet sál toeriste afskrik, sê Asata

Die Vereniging van Suider-Afrikaanse Reisagente (Asata) het hom die afgelope week sterk uitgespreek teen nuwe wetgewing wat vereis dat minderjarige reisigers nou 'n volledige geboortesertifikaat benodig om die land binne te kom of te verlaat. Dié wetgewing het Maandag van krag geword.

Asata het 'n aanlyn veldtog, #nobirthcerts, begin.

Volgens 'n bloginskrywing op Asata se webblad is verteenwoordigers van die toeristebedryf nooit behoorlik gekonsulteer voordat die nuwe wetgewing in werking gestel is nie.

Boonop is Suid-Afrika glo die enigste land in die wêreld waar volledige geboortesertifikate by die doeane getoon moet word. Daar is wel ander lande wat dit vereis wanneer 'n mens aansoek doen vir 'n visum.

Dit is ook algemene praktyk dat 'n ouer wat alleen met 'n kind reis, of 'n persoon wat reis met 'n kind wat nie sy of haar eie is nie, bewys moet verskaf dat die ander ouer of albei ouers daartoe toegestem het. Dit geld egter gewoonlik net vir daardie land se burgers of permanente inwoners en nie vir besoekers aan dié land nie.

Die departement van binnelandse sake het die afgelope week gesê wanneer albei ouers saam met 'n kind reis en geldige paspoorte én visums het, die ouers nie die volledige geboortesertifikaat hoef te toon nie. Dit is omdat die dokumente reeds getoon moes word om 'n visum te kry.

Die minister van toerisme, Derek Hanekom, het intussen gesê die regering gaan die vereistes heroorweeg. Volgens hom gaan dit toerisme nadelig beïnvloed en wil Air China reeds vlugte na Suid-Afrika opskort.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.